

LEESSTUK 1

## Voor in die wapad brand ... 'n kers



BLOUWILLEMAANDAG  
OP 'N DINSDAG  
BLOU WILLEM

- 1 LIEWE ouboet Tom,
- 2 Jamr as hidie brif ma betji onvoledg lyk ma ek moe hm onglukkig mt beurtkrig klarskryf. Sory ma nou i ek bittr gtvol!
- 3 Ja-nee, Ouboet, ons toekoms lyk maar donker en omtrent so vol gate soos die sinnetjie hier bo. Maar nou ja, aan die einde van die dag moet ons seker bly wees, want die brood-en brandstofpryse gaan op, maar ten minste gaan ons krag darem af.
- 4 As jy hierdie week die toppunt van verwarring hier by ons wou sien, was dit 'n bedelaar by 'n beurtkragverkeerslig. Daai arme ou het nie 'n koeken *clue* waar hy moet staan en bedel nie. Voorheen het hy sy horrelstappie presies reg *ge-time* sodat hy by elke kar uitkom voordat die verkeerslig oorslaan, maar nou is sy lewe 'n totale warboel. Hy moet, soos ek, 'n heel nuwe sakeplan uitwerk. Soos afkophoenders, skarrelend van die een punt na die ander, op soek na krag en lig in ons lewe.
- 5 Ja, dis wonderlik dat Eksdom nou 'n webblad het waar jy, soos met die weervoorspelling, kan sien wanneer jy sonder krag gaan wees. Net jammer dat jy nie sonder krag by die webblad kan uitkom nie.
- 6 Beurtkrag het ook gemaak dat ou Dik Daan nou die oggend in die *gym* amper verongeluk het. Hoe? vra ons hom.
- 7 'Ek draf mos op daai trapmeul met my vietse vakansielyfie, en net toe ek mooi op volle krag is teen so nege kilometer per uur, skop Centurion se beurtkrag in. Of moet ek eerder sê uit? Nou ja, het jy al ooit 'n lorry sonder brieke binne vyf meter probeer stop? Dit werk net nie. Julle moet sien hoe daai *gym* lyk. Om van my kuitspier nie eens te praat nie!
- 8 Nee kyk, ek sê jou, Ouboet, hier kom nog woeste eise teen Eksdom. Nie net oor trapmeulens in die *gym* nie, maar ook oor verkeersongelukke, bruide wie se kapsel net half klaar is en bedelaars wat eise instel oor 'n verlies aan inkomste. Ek weet nie of ons ouens hier in die Noorde ook genooi is en of dit net vir julle is nie, maar ek kry per e-pos 'n uitnodiging van Eksdom aan sy 'gewaardeerde verbruikers' na 'n 'Knyp die Kat innie Donker'-paartie daar by Koeiberg eerskomende Saterdagand. Dit word afgesluit met: 'Voel jou daar!' (Of is dit dalk 'n ou uitnodiging?)
- 9 Ek het ook 'n voëltjie hoor fluit dat Eksdom môre 'n verklaring gaan uitreik om aan te kondig dat die toekoms onbepaald uitgestel gaan word. Of dit nou al gaan wees of eers as oom Jacob dié duisternis erf, weet ek nie.
- 10 Vir my is die slegte van die hele verbeurtkragstorie hoe agterlik dit 'n ou laat voel. Lagos lyk skielik vir my soos New York! En die meerderwaardigheid van daai ouens wat vir jou sê hul krag is aan terwyl jy nie eens 'n eenvoudige ou koffietjie aanmekaar geslaan kan kry nie, is die heel ergste! En net om dit in te vryf, vertel hy mos ook vir jou dat hierdie ou haakplekkie vir hom geen probleem is nie, want hy't 'n R18 000-kragopwekker gekoop wat 'n middelslag-dorpie aan die gang kan hou as dit moet.
- 11 Onse president Thabo maak nou vuur onder Eksdom se base, maar hy moet weet ons gewone outjies maak al heeljaar lank vuur, want dis ál hoe ons ons kos gaar kry.
- 12 Maar nou ja, Ouboet, hou moed, voor in die wapad brand 'n lig vir Suid-Zimbabwe. Of wag, noudat ek mooi kyk, sien ek dis 'n kers.

(Effens verwerk uit *Die Burger* Februarie 2008)


LEESSTUK 2

# Radikale Eerlikheid bring jou waar?

- 1 **Kom ons wees eerlik: Jy háát die fotoraam wat jy vir jou verjaardag gekry het en jy dink jou ma het nou 'n bietjie vet geword vir dáái broek. Hoekom lieg? HERMAN SCHOLTZ vertel van 'n hele beweging van Radikale Eerlikheid. (Met 'eerlike' notas aan homself.)**
- 2 ALMAL vertel soms leuens. Wit leuens. Swart leuens. Geel leuens. En enigiets tussenin. Dis dié dat 'n Amerikaanse sielkundige en psigoterapeut besluit het genoeg is genoeg.
- 3 Ontmoet dr. Brad Blanton. Bad Brad het nou twee boeke geskryf wat deur miljoene mense gelees word. Soort van 'n kitsgids van hoe om van die *clutter* in jou lewe ontslae te raak: Wees net eerlik.
- 4 *Radical honesty*, een van sy boeke, is presies wat dit sê. Bad Brad glo die kern van alle probleme soos stres, depressie, woede en geweld is leuens. Mense lieg net te veel. Punt.
- 5 Ek persoonlik dink dis nie 'n goeie idee om van die *clutter* in jou lewe ontslae te raak as dit jou ma, pa, onderwysers of jou enigste vriende is nie en Bad Brad gee in sy eerste boek toe dat absolute, radikale eerlikheid net nie altyd gaan werk nie. Of altans nie op die korttermyn nie. Maar hy glo jy moet altyd die waarheid, die volle waarheid en niks behalwe die waarheid nie, vertel.
- 6 En hy het 'n reuse-aanhang. Behalwe vir die miljoene boeke wat hy al verkoop het bied hy ook werksessies regoor die wêreld aan om mense te help met hul verslawing aan leuens.
- 7 Dit sluit luidens sy webwerf die volgende in: 'Joga, meditasie en om agt dae met mekaar deur te bring terwyl ons beskrywend en eerlik met mekaar is.'
- 8 Volgens my is Radikale Eerlikheid 'n goeie idee wanneer die polisie jou oor enigiets ondervra, maar as enige vrou vir jou vra of sy vet geword het? Lieg, lieg, lieg! Sonder om te blik of te bloos, natuurlik.
- 9 Probeer ook om eerlik te wees wanneer jou huiswerk nie gedoen is nie. Dit is nou maar so – dit is nie gedoen nie. 'Die hond het my boek geëet,' het net nie meer dieselfde uitwerking as in 1926 nie. 'Meneer, ek was regtig nie lus om dit te doen nie. Maar ek het respek vir meneer en die vak.' (H'm-m ... ja, ek aanvaar nie verantwoordelikheid vir hierdie ene nie.)
- 10 Wees ook eerlik oor óf jy van geskenke hou al dan nie, maar ken jou klandisie. Om dit met jou ma te probeer is dalk nie 'n goeie idee nie. Jou beste vriend? Miskien.
- 11 *Radical Honesty*, en Bad Brad sê dit in sy boek, is nie 'n verskoning om 'n buffel te wees nie. Moenie iets sê waarmee jy nie later kan saamleef nie. Nogtans is eerlikheid veral die moeite werd in 'n verhouding.
- 12 Tog is dit 'n goeie idee om te lieg vir mense met 'n misdadrekord weens geweld (dit is dus 'n goeie idee om nie verlief te raak op hardhandige ouens nie.) Hou die eerlikheid tot wanneer jy buite gevaar is.
- 13 Die belangrikste: Wees doodeerlik met jouself. Oor wie jy is en wat jy is en waarheen jy op pad is.
- 14 Onthou net dat *Radical Honesty* 'n lewenswyse is wat geleidelik aangeleer word. Moenie oornag in 'n Bad Brad verander nie.

(Verwerk uit 'Jip', bylaag by *Die Burger*, Maandag 5 Mei 2008)

**LEESSTUK 3      ADVERTENSIE**



● **Ramkat** *snw (skerts.)*

1. Manlike (*of ander*) persoon wat besonderlik goed geprester het, wat blyk 'n uithaler te wees: Jy's sommer 'n ou ramkat! 2. Veral as uitroep van bewondering: Ou ramkat! 3. Sinonieme: Bielie. Bobaas. Doring. Staatmaker. Uitbinker. Uithaler. Uit die boonste rakke. 4. *Afrikaans is 'n uithaler van 'n taal! Vir lekkersê, slegsê en rammetjie-uitnek wees. Afrikaans – jou ramkat!* 5. *Met 19 suksesvolle jare in die mediabedryf en verskeie van die land se voorste mediatokennings onder die belt, is Insig 'n ramkat van 'n tydskrif. In Afrikaans.*

Afrikaans. Leer hom. Ken hom. Praat hom. Hy's mos joune.

Media24 is Afrika se ramkat-uitgewerygroep. Ons bied jou hope leesgenot. In Afrikaans.

**Media24**  
HOU JOU IN VOELING. MET WOORDE.

LEESSTUK 4 SPOTPRENT

**KOMMENTAAR**

Onprofessionele gedrag van sommige onderwysers : Rastahare, sweetpukke, wegblie-ry, dronkenskap en vroege loop....

EK WEEITIE...HIK...HOE JULLE TWEE ONNIESH VOEL NIE...MAAR EK SH RËRIG B...BAIE BEKOMMERD OOR...HIK...VANDAG SHE SHKOLIERE....

**SKOOL**

